# Oor die Voorspelbaarheid van die Toekomstige Gebeure

Deur
MEJ. M. H. BUYS

*Inleidend:*

DIT is natuurlik dat die mens in sy toekoms sal belang stel want sy verlede, sy hede en sy toekoms is innig verweef. Die gebeure wat vandag nog in die toekoms lê, word as geskiedenis beskou sodra dit plaasgevind het.

Reeds van die jare vroeg het die mens in sy toekoms belang gestel — „And nothing preoccupies man more than his destiny"[1] en die sienswyse gehuldig dat die geskiedenis homself herhaal. Dit volg *ipso facto* dat as die geskiedenis homself herhaal, die toekoms voorspelbaar moet wees, terwyl die onvoorspelbaarheid van die toekomstige gebeure 'n eenlynige ontwikkeling in die geskiedenis impliseer.

*Enkele opvattings betreffende die herhaling van historiese gebeure:*

Die Griekse beskawing was geïmponeer deur die klare orde en skoonheid van die kosmos en die kosmiese wet van groei en vergaan. Gevolglik het dit hulle gedagtegang oor die verloop van die geskiedenis beïnvloed. Daarom het die Griekse opvatting van lewe op hierdie ondermaanse bestaan neergekom op die sienswyse dat alle gebeurtenisse wederkerend of herhalend is. Soos die son opkom en ondergaan, soos winter op somer volg, so is die geskiedenis ook herhalend. Hierdie beskouing het die Griekse gedagtegang bevredig want dit het 'n rasionele en natuurlike verstaanbaarheid van die heelal daargestel. Die Griekse filosowe en historici het geglo dat wat in die toekoms gaan gebeur, op dieselfde patroon sal wees en dieselfde karaktertrekke sal dra as wat reeds in die verlede gebeur het.

In ooreenstemming met die kontemporêre Griekse beskouing het Herodotos byvoorbeeld gebeurtenisse as periodiek beskou wat binne 'n vasgestelde siklus beweeg. Die geskiedenis het 'n herhalende patroon besit en is gereguleer deur 'n kosmiese wet van kompensasie, hoofsaaklik deur nemesis. Thuycidides daarenteen het geskiedenis beskou as 'n geskiedenis van politieke stryd, gebaseer op die menslike natuur. En aangesien die menslike natuur nie verander nie, sal gebeurtenisse wat in die verlede plaasgevind het, weer op dieselfde of soortgelyke manier in die toekoms gebeur. Niks nuuts kan dus in werklikheid in die toekoms gebeur nie want die aard van alle dinge is om te groei sowel as om te vergaan. Polybius weer het die begrip van die geskiedenis geïnterpreteer as gebeurtenisse wat alles tot 'n definitiewe einde lei. In die toekoms het hy egter geen belangstelling gehad nie. Volgens hom het die geskiedenis gewentel

(1) Berdyaev, Nicolas: *The Meaning of History*, p. 207. (The University Press, Glasgow. Ongedateer.)

in 'n siklus van politieke rewolusies waarin konstitusies verander, verdwyn en terugkeer volgens 'n natuurlike proses. Dus as gevolg van hierdie natuurlike fatalisme is die historikus in staat om die toekoms te voorspel.(2)

Die 19de eeuse positiviste was ook dieselfde mening, t.w. die van herhaling, toegedaan. Vir die positiviste het die filosofie sinoniem gestaan met die ontdekking van uniforme wette wat die loop van gebeurtenisse beheer. Vir hulle was dit 'n empiriese wetenskap.(3) Positivisme kan dus eintlik gedefinieer word as die filosofie wat in diens van die wetenskap staan.(4)

So word die historiese proses as 'n ritme — 'n gereëldheid — deur positiviste gesien. Met ander woorde: die historiese proses is 'n beweging wat aan wetmatighede onderhewig is en daarom is die ontdekker van hierdie wetmatighede in staat om die toekoms te voorspel.(5) Hierdie opvatting spruit veral voort uit die vergelykende metode wat verskillende beskawings as afgeronde eenhede beskou het. Die beskawings is naasmekaar geplaas met die doel om ooreenstemmende trekke en ontwikkelings na te speur en dié is dan verhef tot wette wat die oorsprong, opbloei en verval beheers. Die voorbeeld wat deur Vico in die agtiende eeu gestel is, is deur filosowe soos Spengler en Toynbee nagevolg. Volgens hulle kan die geskiedenis homself herhaal. Die sikliese wetmatigheid van die historiese verloop maak hulle insiens selfs die toekoms voorspelbaar.(6)

Spengler sê byvoorbeeld in die eerste sin van sy *Untergang des Abendlandes* dat hy poog om vir die eerste keer die geskiedenis vooraf te bepaal.(7) Volgens Spengler is die geskiedenis 'n opeenvolging van „self-contained individual units" wat hy kulture noem. Elke kultuur het sy eie karaktertrekke, maar elke kultuur is soortgelyk aan ander kulture omdat dit 'n identiese lewensiklus besit, verteenwoordigend van 'n organisme. Dit is nie slegs die siklus van die fases wat vasgestel is nie, maar ook die tydsbestek daarvan. As ons byvoorbeeld die stand van ons eie westerse lewensiklus kan ontdek, sal ons by magte wees om akkuraat te kan voorspel wat die toekomstige fases sal wees.(8)

Toynbee poog ook om 'n herhalende ritme in die lewensiklus van beskawings daar te stel.(9) In sy *Study of History* het hy sekere wette vasgestel. Hy stel hierdie wetmatigheid langs streng empiriese weg vas — volgens Toynbee toon die geskiedenis self hierdie wette.(10)

In antwoord op 'n vraag „Does history repeat itself?" in sy werk *Civilization on Trial,* is hy die mening toegedaan dat die geskiedenis homself herhaal: „ . . . we see history repeating itself in the sense of producing a number of

(2) Löwith, Karl: *Meaning in History,* pp. 4-7. (The University of Chicago Press, Chicago. 1955.)

(3) Collingwood, R. G.: *The Idea of History,* p. 1. (University Press, Oxford 1951.)

(4) Collingwood, op. *cit.,* p. 126.

(5) Geyl, Pieter: *Debates with Historians,* pp. 130-131. (J. B. Wolters, Groningen MCMLV.)

(6) Van Jaarsveld, Dr. F. A.: *Die Afrikaner en sy Geskiedenis,* p. 50. (Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad 1959.)

(7) Löwith, *op. cit.,* p. 11.

(8) Collingwood, *op. cit.,* p. 181.

(9) Löwith, *op. cit.,* pp. 12-13.

(10) Dreyer, Dr. P. S.: *Enkele aspekte van die geskiedskrywing van Arnold J. Toynbee.* (Artikel gepubliseer in *Historia,* Maart 1958, p. 44.)

more or less contemporary examples of the same human achievement . . .[11] „ . . . human history does turn out, on occasions, to have repeated itself up to date in a significant sense even in spheres of human activity in which the human will is at its nearest to being master of the situation and is least under the domination of cycles in physical nature."[12] Hy vra of dieselfde toekoms — die sirkelgang van opbloei en verval — op die westerse beskawing wag, want die Weste sou dan op die oomblik in die vervalfase verkeer.[13] Geen wonder dat Geyl vir Toynbee nié as 'n geskiedskrywer tipeer nie, maar wel as 'n doemprofeet.[14]

Dit is veral aan Spengler en Toynbee te danke dat die leek die toekoms as voorspelbaar beskou, want hierdie opvattings het — en vind nog gereeld — die weg na die sensasiepers. Vir hulle is geskiedenis „ . . . a piece, or succession of pieces, comical or tragical, a libretto whose heroes and villains, winners and losers, speak their lines and suffer their fate in accordance with the text conceived in terms of them, but not by them, for otherwise nothing could be rightly conceived as tragical or comical; no pattern — no rules — no explanation."[15]

*Waar dit onmoontlik is om die toekomstige gebeure te voorspel:*

Na aanleiding van die enkele voorgaande voorbeelde kan gesien word dat die sikliese gedagte van die geskiedenis, die idee van die herhaling van die geskiedenis, geen oorspronklike of nuwe idee is nie. Ook is dit nie 'n spesifieke westerse beskouing nie want Confucius praat reeds van die gedroomde paradys en die sikliese verloop van alles. Hierdie opvatting van die idee dat die geskiedenis homself herhaal, het direk aanleiding gegee tot die beskouing dat die toekoms voorspelbaar is. Ook die hedendaagse tendens om geskiedenis te beskou as die produk van onpersoonlike kragte wat onverbiddelike wette gehoorsaam en waaraan die mens niks kan doen nie, het bygedra tot die feit dat as dié wette ontdek kan word, die toekoms voorspelbaar is.[16]

Maar is die toekomstige gebeure voorspelbaar? Alvorens hierdie vraagstelling uitgepluis kan word, moet daar eers duidelikheid oor die begrip wat geskiedenis is, verkry word.

Geskiedenis moet gesien word as die menslike geskiedenis — dit is alleen daardie gebeurtenisse waarby die mens betrokke was, waarin hy opgetree het en deur hom tot stand gebring is. Hiermee word duidelik te kenne gegee dat geskiedenis 'n menslike aangeleentheid is en dat dit op die personale vlak afspeel en nog steeds afspeel. In werklikheid gaan dit om die nasporing van die aandeel van die mens in die kosmiese totaliteit. Wanneer van geskiedenis gepraat word, het ons steeds die mens in gedagte — nie die mens weg en los van die benede-personale nie, maar as 'n wese wat in hierdie wêreld ook gebonde is aan natuurlike veranderinge.

(11) Toynbee, Arnold J.: *Civilization on Trial*, p. 35. (Oxford University Press, New York 1948.)
(12) Toynbee, *op. cit.*, p. 37.
(13) Toynbee, *op. cit.*, p. 38.
(14) Geyl, *op. cit.*, p. 130.
(15) Berlin, Isaiah: *Historical Inevitability*, pp. 15-16. (Oxford University Press, London. Ongedateer.)
(16) Vgl. Berlin, *Historical Inevitability*.

Daar is altyd 'n voortgang in die menslike geskiedenis. Staatsmanne byvoorbeeld speel 'n groot rol in dié voortgang omdat hulle verteenwoordigend en belangriker as die gewone man is. Die gewone mens se handeling is bloot persoonlik en enkel, en kan daarom nie in aanmerking kom vir die geskiedkundige beweging nie. Eers wanneer dade geldig vir die gemeenskap is, verleen die geskiedenis aandag en rang daaraan. Die groot persoonlikheid ontleen altyd sy mag aan die groep en kan nie sonder die anonieme massa optree nie. Daar kan ook nie geskiedenis wees sonder die massa wat die voortgang van 'n gebeurtenis dra nie. Also is daar 'n voortdurende wisselwerking tussen die historiese persoonlikheid en die groep.

Daar word in die lewe beslissinge geneem wat *bindend* is — hierdie bindende beslissinge kom vir die geskiedenis in aanmerking indien dit nie bloot persoonlik en enkel is nie maar sy uitwerking op die gemeenskap laat geld. Beslissinge spruit voort uit vrye wilsdade en kan dus nie herlei word uit toestande wat dit laat ontstaan of medebepaal het nie.[17]

Die wilsbeslissinge is egter nie absoluut vry nie. Daar is sekere beperkinge wat tot op sekere hoogte voortvloei uit bestaande toestande.[18] Aangesien ons met veroorsaking op die vlak van die personale te doen het, kan hierdie veroorsaking nie van kousaal-meganiese of selfs materialisties-naturalistiese aard wees nie tensy 'n mens die sienswyses van 'n Karl Marx of Spengler toegedaan is. So ook is 'n algemene karakteristiek van die determinisme die opvatting dat die indiwiduele vryheid van keuse slegs 'n illusie is. Maar die idee dat mense anders kon gekies of besluit of opgetree het as wat hulle gedoen het, berus gewoonlik op 'n onkundigheid van feite.[19]

Aangesien geskiedenis 'n menslike aangeleentheid is, is die mens die bepalende faktor. Neem byvoorbeeld die staatsman wat politieke geskiedenis maak en wat by uitstek met die magsfaktor te doen het. As 'n indiwiduele persoonlikheid is hy 'n oneindig saamgestelde gegewene. Sy handelinge en wilsbesluite bly per slot van sake indiwidueel. Hierdie indiwidualiteit word ingegee deur verskeie faktore, byvoorbeeld omgewing en oorerwing, alles onbepaalbare faktore. Die mens lewe in 'n gemeenskapsverband — op alle terreine is daar beïnvloeding, selfs van die benede-personale. Hierdie wisselwerking stel veranderde geestesopvattinge en veranderde toestande daar. Gevolglik is op enige gegewe oomblik niks dieselfde nie. Die ondervinding en herinnering wat die mens in sy lewe alreeds opgedoen het, sal ook daartoe bydra om sy gedrag te beïnvloed.[20]

Al verteenwoordig die staatsman sy groep, kan hy hom nie losmaak van sy eie indiwidualiteit nie. Sy keuse en vrye wilsbesluite sal altyd in ooreenstemming met sy eie sielkundige samestelling wees. So is al die faktore wat bydra tot 'n indiwiduele besluit nie by een mens dieselfde nie. Elkeen tree verskillend

(17) Van Jaarsveld, *op. cit.*, pp. 4-5.
(18) Van Jaarsveld, Dr. F. A. en Rademeyer, Dr. J. I.: *Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig*, pp. 20-21. (Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg 1960.)
(19) Berlin, *op. cit.*, p. 20.
(20) Hugo, Dr. Maria: *Causaliteit in die Geskiedeniswetenskap*, p. 58. (V. & R. Drukkery, Pretoria 1951.)

op en reageer verskillend in dieselfde situasie. Die staatsman wat die politieke geskiedenis maak, ontleen sy mag aan die groep, maar die persoonlike element bly daar. Gevolglik kan die magspersoonlikheid se optrede nie vooruitbepaal word nie, want mense is verskillend en in wese onbepaalbaar.

Omdat die verhouding tussen mens en mens, en mens en omgewing, op elke stadium so kompleks is, bestaan daar min moontlikheid dat presies dieselfde verhouding wat op 'n bepaalde tydstip in die verlede bestaan het, hom in die toekoms sal herhaal. Elke gebeurtenis wat intussen plaasgevind het en selfs die feit dat 'n persoon ouer geword het, verander al klaar die verhouding wat vroeër bestaan het. Dieselfde geld vir die indiwidu, want geen mens bevind homself tweekeer in presies dieselfde situasie nie. Ook is dit nie vir die mens moontlik om 'n onveranderlike opeenvolging van oorsaak en gevolg in die verhouding tussen hom en sy medemens te bepaal nie.[21] Die historiese gebeure is dus uniek — uniek in die sin dat daar niks anders weer net soos dit kan wees nie.[22] Dus as die mens 'n beslissing geneem het en dit is bindend, dan volg dit vanselfsprekend dat dit onherhaalbaar, onherroepelik, eenmalig en indiwidueel is, want die besondere omstandighede waaruit so 'n vrye wilsbeslissing voortgevloei het, kan nooit weer in al sy komponente voorkom soos dit eens was nie.[23]

Moritz Schlick, 'n fisikus, is die mening toegedaan dat die wetenskaplike betekenis van die kousale wet verbind moet word met voorspelling.[24] Maar in die geskiedenis is daar juis geen sprake van 'n wetenskaplike wetlikheid nie, alhoewel die kousale beginsel in hierdie vak erken word.[25] ('n Wetenskaplike wetlikheid kom daarop neer dat as A en B intree, C moét volg. Hierdie is slegs 'n meganiese samehang van materiële aard.[26]) In die natuurkunde kan die voortgang van 'n verskynsel — bv. die maanbaan — voorspel word deur middel van berekening wat op vasstaande wette gegrond is. Die verloop van geskiedkundige gebeure kan egter nie eksperimenteel bereken word nie want die historiese gebeure wat die verloop tot gevolg het, is altyd uniek. Omdat daar in die geskiedenis nie 'n formule met behulp van wette uitgewerk kan word nie — soos in die natuurwetenskap die geval is — kan daar nie oorgegaan word tot 'n voorspelling van die toekoms nie.[27]

Ek wil egter hier daarop wys dat as die mens in die lig van sy onberekenbaarheid gesien word, voorspelling heeltemal uitgesluit is. Dat voorspelling wel in verband gebring kan word met dit wat die mens aan die gang sit en aan die gang hou, kan nie betwis word nie. Vir doeleindes van hierdie vraagstuk word hierdie visie daar gelaat want dit is te betwyfel of die mens dit ooit sal begryp.

Geskiedenis is verskillend van die natuurwetenskappe omdat dit wil beskryf en verduidelik wat werklik gebeur het. Omdat historiese gebeure uniek is,

(21) Hugo, *op cit.*, p. 58.
(22) Dray, William: *Laws and Explanation in History*, p. 45. (Oxford University Press 1957.)
(23) Van Jaarsveld, *op. cit.*, p. 46.
(24) Hugo, *op cit.*, p. 57.
(25) Hugo, *op. cit.*, p. 66.
(26) Van Jaarsveld en Rademeyer, *op. cit.*, p. 20.
(27) Hugo, *op cit.*, p. 70.

kan die historikus nie sy onderwerp verduidelik deur wette nie. Ook is dit onmoontlik „ . . . to explain an individual event in the sense of accounting for all characteristics by means of universal hypotheses . . . "[28] Indien 'n historikus van wette kan gebruik maak wat daarop neerkom dat „die oorsaak van y is x" dan sal dit moontlik wees om tot 'n gevolgtrekking oor 'n bepaalde onderwerp te kom sonder om 'n mens te bemoei met navorsing oor wat die eintlike voorafgaande toestande tot die historiese gebeure was.[29]

Omrede daar in die geskiedenis geen sprake van wetenskaplike wetlikheid is nie, sal daar ook nooit vasgestel kan word wat byvoorbeeld sou gebeur het indien Napoleon Engeland binnegeval het. Sou dieselfde gebeur het as met Pruise na Jena? Slegs 'n vae vermoede bestaan — niks kan met sekerheid beweer word nie.[30]

Die statistiese wetlikheid berus ook op 'n wanopvatting, nl. dat die psigiese en sosiale samestelling van 'n gemeenskap onveranderlik is. Indien die historiese wetenskap die komplekse feite tot die grondliggende eenhede wil terugvoer, kom dit ten slotte by die verskillende indiwidue wat die gemeenskap uitmaak. Elkeen van hierdie indiwidue openbaar spontane reaksies wat 'n invloed op die psigiese en sosiale samestelling van die gemeenskap het. Dit kan die statistiek nie in aanmerking neem nie want dit is onmeetbaar. Dit staan vas dat lewe, soos in historiese gebeure geopenbaar, nie deur algemene begrippe of deur 'n fisies-meganiese beskouing geformuleer kan word nie.[31]

As 'n bepaalde gebeurtenis A wat op 'n keer plaasgevind het, weer in 'n gemeenskap plaasvind, kan die historikus poog om voorspellings te maak, m.a.w. wanneer al die samestellende dele van 'n gebeurtenis hulle vorige verhouding aanneem soos byvoorbeeld in die nasionale samestelling, die staatsinstelling, die sosiale struktuur, ens. Indien die feitekompleks dieselfde is en 'n gebeurtenis A herhaal hom weer in 'n gemeenskap, sal 'n mens kan aanneem dat uit A weer dieselfde vorige toestande $A^1$, $A^2$ . . . sal volg. So word daar gewoonlik voorspel dat 'n rewolusie altyd deur 'n militêre diktatuur opgevolg word.[32] Hierdie tipe voorspellings is slegs handige grepe maar wetenskaplik bestaan daar geen regverdiging voor nie want daar kan nooit 'n terugkeer van 'n historiese gebeurtenis A wees nie. Die empiriese wetlikheid is wat die geskiedenis betref, slegs analoë gevalle vanweë die onbepaaldheid en vaagheid van historiese verskynsels. Die ooreenstemmende verskynsels is wel van heuristiese belang, maar in die werklike sin van die woord bestaan daar geen empiriese wetlikheid nie.[33]

*Slotbeskouing:*

Die opvatting dat geskiedenis wette gehoorsaam, hetsy natuurlike of bonatuurlike wette, en dat elke gebeurtenis in die menslike lewe 'n element in 'n noodsaaklike patroon is, het 'n diep metafisiese oorsprong. Infatuasie

---

(28) Dray, *op. cit.*, p. 45.
(29) Dray, *op cit.*, p. 108.
(30) Hugo, *op cit.*, pp. 57-58.
(31) Hugo, *op. cit.*, pp. 69-71.
(32) Hugo, *op cit.*, p. 58.
(33) Hugo, *op. cit.*, p. 70.

met die natuurwetenskappe voed hierdie gedagtegang maar is nie die hoofoorsaak daarvan nie[34] — „ . . . the craving to know not merely why the world exists, but why it is worthy of existence."[35]

Prakties gesproke kan daar geen herhaling en dus geen voorspelling in die geskiedenis wees nie want die geskiedenis het nie met die konstant sig verhalende te doen nie maar met die eenmalige, eensoortige en eie-soortige. Die omstandighede waaronder 'n situasie plaasgevind het, kan nooit presies weer so voorkom soos dit eens was nie.[36] Ook is geen observasie van historiese gebeurtenisse moontlik nie.

Daar is egter al akkurate voorspellings oor die verloop van historiese gebeure gemaak, byvoorbeeld D'Argenson wat lank voor die Bostonse teeparty die opstand van die Britse kolonies in Amerika voorspel het. Hierdie soort voorspellings berus veel eerder op praktiese insig en emosionele aanvoeling as op wetenskaplike beredenasie. Dit is slegs die gevolg van 'n meer verhewe insig in die daaglikse lewe en die toekoms wat sodanige voorspellings moontlik maak.[37]

Hoofsaak is dat die mens midde van sy geskiedenis sal bly. Hy het 'n vrye wil en is daarom die onberekenbare faktor. In die histories-menslike wêreld bestaan daar nie wetmatighede wat die historiese gebeure kan bepaal nie. Daar mag die voorkoms van klaarblyklike reëlmatighede wees, maar die omstandighede van verskillende tye is so verskillend dat 'n mens nooit kan praat van die vooruitbepaalbaarheid of voorspelbaarheid van die geskiedenis nie.[38]

Collingwood se opvatting oor hierdie aangeleentheid is die volgende: „ . . . whenever historians claim to be able to determine the future in advance of its happening, we may know with certainty that something has gone wrong with their fundamental conception of history."[39]

Die vraagstuk van die voorspelbaarheid al dan nie van die toekomstige gebeure is eintlik meer as 'n historiese probleem — dit is 'n antropologiese. Dit is die mens binne die gemeenskapsverband wat geskiedenis gemaak het en ook sal maak. Maar die vraag is nou wát bepaal dat die mens geskiedenis maak? Is daar 'n ewige ontwykende kosmiese wetmatigheid wat die gang van dinge bepaal — *ananghe, nemesis* of *moira* — is dit God of die loutere mens self? As dit die mens is, wat bepaal die menslike gang? Die vraag is of daar antropologiese wetmatighede is. Wat ons wel weet, is dat menslike optrede onberekenbaar is. En tussen berekenbaarheid en voorspelbaarheid in hierdie verband moet daar deeglik onderskei word.

(34) Berlin, *op. cit.*, p. 13.
(35) Berlin, *op cit.*, p. 20.
(36) Van Jaarsveld, *op. cit.*, p. 46.
(37) Hugo, *op. cit.*, p. 66.
(38) Van Jaarsveld, *op. cit.*, p. 46.
(39) Löwith, *op. cit.*, p. 226.